Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 5 **September 2011**

Inhoud

Artikels
Ons gesels met: Aletté-Johanni Winckler 3
Wanneer jou kind geterg word 4
Rubriek: Die *granny* in die *granny flat* 5
Rubriek: Ons plus twee 6
Unieke skapies uit die Karoo 7
Lekkerbekkie lesers kuier op *Facebook* 7

Vir die kleingoed
Storie: Lekkerbekkie en die wind 1
Inkleurprentjie 2
Aktiwiteit 8

Bak en brou
Kosresep: Blou pannekoeke 5
Little 1: Maan-klei en Ballon-pret 6

Gratis
Rekenaarspeletjie 2
Luisterstorie vir kinders 8
Romantiese luisterstorie vir die mammas 8

Kompetisie
Wen 'n sagte Karoo skapie 9
Kontakbesonderhede 9

Model: Emily Louw

Ons Lekkerbekkie reis die wêreld vol!

Terwyl ons die laaste paar artikels vir hierdie uitgawe aanmekaar sit, hang daar donker reënwolke oor Kaapstad. Ek dink aan ons lesers wat in ander dele van die wêreld woon, en die tydskriffie gaan ontvang terwyl die kinders buite in die somerson speel. Die wonder van die moderne tegnologie is dat ons almal eintlik net 'n email ver van mekaar is, en dat ons *Lekkerbekkie* binne sekondes deur "cyber space" gaan reis na waar al ons lesers dieselfde artikels gaan lees met 'n beker koffie – duisende myle uitmekaar!

Hierdie maand gesels ons met Aletté-Johanni Winckler oor "lewe ná pajamadril" (bl.3), en ons bak blou pannekoeke (bl.5). Lees die storie agter die oulike skapies wat ons in die Karoo opgespoor het (bl.7) – twee gelukkige lesers kan dan ook elk so 'n sagte skapie wen! Ons deel raad oor wat om te doen as jou kleuter deur ander kinders geterg word (bl.4), en in ons kinderstorie trotseer Lekkerbekkie Muis die wind wanneer sy gunsteling kombersie wegwaai…

Jy kan weer twee splinternuwe lekkerluisterstories gaan aflaai (bl.8) – 'n kinderstorie vir kleinding, en 'n lekker romantiese storie vir mamma. Ons het mos almal immers hope stories nodig!

Groete uit die kantoor
Anna Emm

acornkids

Prettige produkte
vir kinders wat die lewe geniet!

Kontak my vir meer inligting oor die produkte of hoe om jou eie besigheid te begin.
Lekkerbekkie lesers kry 'n gratis geskenk saam met die eerste bestelling.
Aflewerings van produkte regoor Suid Afrika.

Cornel Needham
082 409 9071 cornel@acornkids.com http://cornel.acornkidsdealer.co.za

© Anna Emm Productions 2011

Lekkerbekkie en die wind

Lekkerbekkie Muis woon in ‘n gaatjie in die stam van ‘n boom. Een oggend word Lekkerbekkie wakker van die wind wat waai. Die wind ruk aan sy venstertjie en die wind ruk aan sy deurtjie, en die wind waai rondom sy huisie.

“Hoor net hoe waai die wind!” sê Lekkerbekkie Muis. Hy klim uit sy bedjie. Hy wil die venstertjie gaan toemaak voor die wind by sy huisie inwaai. Maar o aarde! Die wind *woeps!* by die venstertjie in, en dit *wiesh!* deur Lekkerbekkie se huisie, en *waps!* gryp die wind Lekkerbekkie se kombersie van sy bedjie af!

“My kombersie!” roep Lekkerbekkie Muis. “Laat los my kombersie, Wind!”

Maar die wind los nie die kombersie nie. Dit waai en dit draai deur die huisie, en *wiets!* waai die wind Lekkerbekkie se kombersie by die venstertjie uit!

“My kombersie!” roep Lekkerbekkie Muis benoud. “Keer my kombersie! Dit waai weg!”

Lekkerbekkie Muis hardloop by die huisie uit. Hoog bo in die lug waai die wind sy kombersie weg! En *woeps!* waai die wind die kombersie teen ‘n hoë tak vas. Die tak is baie hoog, maar Lekkerbekkie Muis wil sy kombersie hê. Hy klim teen die boom op na die tak toe. Hy klim en hy klim, en net toe Lekkerbekkie die kombersie wil gryp *wierts!* die wind die kombersie weg en waai dit af, af, af na die rivier toe!

“My kombersie!” roep Lekkerbekkie Muis benoud. “Keer my kombersie! Dit waai weg!”

Lekkerbekkie Muis klim uit die boom en hardloop na die rivier toe. Die wind het sy kombersie op die gras langs die rivier neergesit. Maar net toe Lekkerbekkie Muis die kombersie wil optel, *wip!* die wind die kombersie weer weg! Die wind waai en waai, en die kombersie waai ver-ver weg. Dit is nou sommer koud en arme Lekkerbekkie Muis mis sy kombersie, maar die wind het dit gevat!

Maar wat sien die muisie nou daar? Ja, sowaar! Daar kom sy kombersie nader gevlieg! Twee klein voëltjies het die kombersie gevang, en bring dit vir Lekkerbekkie terug in hulle bekkies!

“My kombersie!” roep Lekkerbekkie Muis bly. “Julle het my kombersie gekry!”

Lekkerbekkie draai die kombersie styf om sy lyfie. Hy nooi die twee mossies by sy boomhuisie in en maak die deurtjie styf-styf toe. Hy maak die venstertjies ook styf-styf toe. En toe maak Lekkerbekkie Muis vir hulle lekker warm tee. Buite waai die wind en dit *wieps!* en dit *waps!* rondom Lekkerbekkie se huisie.

“Nou kan die wind nie meer my kombersie vat nie,” lag Lekkerbekkie Muis bly. “En die wind kan ook nie ons tee vat nie!”

O, en nou kuier Lekkerbekkie Muis en sy twee nuwe maatjies tog te lekker!

Die Einde.



Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (11) en Mila (6 maande). ***www.annaemm.co.za***

© Anna Emm Productions 2011

GRATIS
Rekenaarspeletjie!
Skuif-legkaart
STINK Produksies CC
MINI-GAMES
Kliek hier om te speel
Skuif die blokkies om die prentjie klaar te maak.
Storieklub 1
Kleur in en WEN!!!
Stuur jou inkleurprentjie met jou naam, jou ouderdom, jou mamma se naam en selfoonnommer na:
Lekkerbekkie
Posbus 16 45
Panorama 7506
en jy kan 'n storie-CD uit die STORIEKLUB wen!
PIENKVOET PRET
waar grootword kinderspeletjies is
Ontwikkelings- en stimuleringsklasse vir mamma en baba (3 mnde - 3 jr)
Veilige sosialisering • Fyn en groot motoriese aktiwiteite • Taalontwikkeling
Kuns en mors aktiwiteite • Musiek en beweging • Leer speel-speel
GAUTENG CENTURION Helet: 083 263 8426 QUEENSWOOD/MOOT Corné: 082 875 5485 FAERIE GLEN Marine: 082 337 8668 GARSFONTEIN Maryna: 082 712 0293
MODIKLOOF AREA Stephanie: 072 203 4953 NORELETAPARK Diana: 082 370 5756 SILVER LAKES Rhona: 082 718 2399 WAPADRAND (Afr&Eng) Kikar: 072 699 4311
ROODEPOORT Sonné: 083 215 6997 BRYANSTON/SANDTON/RANDBURG (Afr&Eng) Madelein: 083 256 1942 KAAP BOLAND Ilze: 082 352 2855
DURBANVILLE Azel: 082 785 0569 PAARL Alet: 084 663 1565 STELLENBOSCH Juanita: 082 564 6139 WESKUS Geraldine: 076 158 2903 UPINGTON Renate: 082 822 9861
babas met spesiale behoeftes welkom
Franchise navrae: Anelia 082 214 1987 www.pienkvoetpret.co.za

© Anna Emm Productions 2011

Aletté-Johanni Winckler... oor die lewe ná "pajama-dril"

Daar is seker min huishoudings in Suid-Afrika wat so bedrywig is soos die Wincklers s'n! Anna Emm het met Aletté-Johanni gesels oor al die verskillende rolle wat sy deesdae volstaan.

Lian is nou 15 maande. Wat is jou grootste uitdagings in hierdie "woelige" fase?
LIAN is wonderlik en SO *cute*! Hy begin nou die oulikste woordjies sê, maar hy het hierdie geluidjie wat hy maak wanneer hy iets wil hê (en dis redelik gereeld!) wat moeilik is om te verstaan en wat my sommer gou baie moeg kan maak! Omdat hy so aan die gang is, is dit ook rof vir my op die dae wat ek hom alleen moet versorg. Ek *pass* omtrent uit wanneer hy gaan slaap! En dan moet ek begin werk...

Jy is 'n voorkoms-konsultant, so jou eie voorkoms is baie belangrik. Was dit moeilik om na die geboorte weer jou figuur terug te kry?
Dit was vir my ontsaglik moeilik en ek was op 'n stadium selfs in 'n mate depressief oor hierdie 30kg-oorgewig-lyf! Na so 3 maande het ek besef dit gaan nie net vanself wegSMELT nie, ek gaan IETS MOET DOEN, en ek het drasties begin om my eetgewoontes aan te pas! Dit was nie maklik nie en toe ek nog net so 6kg oorgehad het, het ek eers bietjie ontspan. Ek was net so bly om weer soos n vrou te voel! Maar na ons vakansie in Julie hierdie jaar het ek teruggekom en skouer aan die wiel gesit om daai laaste "bewyse" af te skud!

Jy het 'n reeds suksesvolle besigheid gehad voor jy mamma geword het. Hoe het hierdie verandering jou loopbaan beïnvloed?
Ek is iemand wat nie kan stilsit nie. Ek voel heeltyd skuldig as ek nie besig is nie. My man en vriende praat soms van my as "weerlig" of "vuurwerke" - *all over the place*!. Dit was baie moeilik vir my tydens die eerste 3 maande na Lian se geboorte om kliënte weg te wys, of om te sê ek is nie beskikbaar nie - ek is van nature 'n *people pleaser* wat almal wil akkomodeer. Maar 'n paar maande later was my besigheid besiger as ooit en toe moes ek bont staan met ouerskap EN werk. Die Here gee jou verseker die krag, wysheid en hulp om dit reg te kry. Ek is nie die eerste vrou wat daarmee gekonfronteer word nie (inteendeel daar is mammas wat moet *cope* met vier kinders EN werk). So, ek het besluit om net dankbaar te wees vir ELKE minuut saam met Lian en ook vir ELKE klient wat my kom sien!

Meeste ma's sukkel om by hulself uit te kom wanneer daar soveel ander rolle is wat skree vir tyd. Kry jy dit reg om steeds "Aletté-tyd" te maak?
Dis 'n goeie vraag, en ek moes nou bietjie daaroor dink! Alhoewel dit min gebeur, is daar kere

wanneer ek weet Lian is versorg en dan klim ek sommer in my kar en gaan loop so 'n bietjie rond...

Het jy 'n bietjie inspirasie vir mammas wat sukkel, en voel dat hulle hulself verloor tussen al die verpligtinge?
Ek moet eerlik sê daar was n tyd waar ek gewonder het of ek OOIT my lewe sou terug kry. Als het buite my beheer gevoel en ek kon dit nie eens *imagine* om NOG n kind te moet hê nie! Maar dit is werklik NET 'n seisoen in jou lewe wat verbygaan. Voor jy jou kan kry voel jy weer jouself - dis nou wanneer jou baba begin deurslaap en jy n paar kilos kon afskud! My een vriendin het dit nou die dag so mooi gestel toe ons gesels oor haar derde swangerskap. Sy sê sy weet dit is haar "*child bearing years*", en dit maak dit makliker om te aanvaar dat haar lewe (en haar lyf) nou tydelike veranderinge gaan ervaar. ALMAL se kinders word ouer en begin deurslaap. ALMAL van ons gaan weer tyd vir onsself kry - al is dit dan as die kinders begin skooltoe gaan. HOU GOEIE MOED: DIS NET n SEISOEN!!

© Anna Emm Productions 2011

Wanneer jou kind geterg word...

Om ander kinders te terg, is 'n baie algemene ding onder veral jonger kinders. Kinders sê wat in hulle gedagtes opkom en het nog nie geleer om kommentare te filtreer nie. Hulle moet ook eers self deurloop onder 'n terggees of twee om te besef hoe seer woorde ander mense maak. Gewoonlik word 'n tergery onder jong kinders in 'n baie ligte luim gedoen, met geen besef van die gevolge daarvan nie. Dit kom veral voor onder voorskoolse en laerskoolkinders, wanneer alles wat anders is snaaks is. Kinders terg gewoonlik nie kinders wat hulle as mense goed ken nie, en sodra hulle 'n ander kind se persoonlikheid leer ken, hou die tergery op. Uit navorsing blyk dit ook duidelik dat elke situasie anders is en dat die een oplossing nie noodwendig volgende keer ook gaan werk nie. Omdat ons as ouers al meer blootgestel was aan wrede woorde, het ons meer weerbaar daarteen geword as 'n kind wat dit vir die eerste keer hoor. Moenie die inpak en spanning onderskat wat 'n tergery by jou kind veroorsaak nie. Om te sê jou kind moet hom nie daaraan steur nie, sal nie help nie, want kinders het ook nog nie geleer hoe om hulle emosies te onderdruk nie. Hy sal heel moontlik net dink jy verstaan nie hoe seer dit hom maak nie. Daar is wel dinge wat jy vir jou kind kan leer om hom te help om tergsituasies te ontlont en beter te hanteer. Wees eerstens 'n baie simpatieke luisteraar. Erken sy emosies en herhaal die dinge wat hy vir jou sê sodat hy kan hoor jy heg waarde daaraan. Herinner hom aan sy positiewe eienskappe en suksesse, sodat die negatiewe dinge wat gesê is al hoe kleiner in verhouding sal raak. Werk aan jou kind se selfbeeld, want dan sal hy hom heelwat minder steur aan 'n tergery. Moedig hom aan om ander, vriendeliker maats te maak. Erken dat dit moeilik is om dit te ignoreer wanneer jy geterg word, maar spreek jou trots uit oor die feit dat hy probeer. Stel voor dat jou kind net MAAK of hy die tergery ignoreer. Oefen 'n paar reaksies saam met jou kind, sodat hy voorbereid is op wat om te sê wanneer hy geterg word. Laat hom oefen om die terggees in die oë te kyk, en vir hom te vra waarom hy dit gesê het. Gewoonlik hou die terger nie daarvan om oor sy woorde na te dink nie, en dit sal hom stopsit. Onthou dat die liefde en ondersteuning van 'n gesin baie seerplekke gesond maak en baie slegte ervarings uitwis!

Die storie van "Sewe klein katjies" help maak kinders weerbaar teen tergery.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker,en spanning.

Slegs R35 per CD!

Kies van 24 onderwerpe

www.AnnaEmm.co.za

DIE Vita Stories REEKS

is 'n versameling van 24 heerlike dierestories op CD, vir kinders 3-9.
Elke storie is geskryf rondom 'n ander sosiale kwessie
en word ingespan om vir kinders lewensvaardighede,
emosionele weerbaarheid en positiewe gedagtepatrone te leer.

Elke CD sluit in : 'n luisterstorie oor 'n spesifieke kwessie, 'n inkleurprentjie, 'n ouerhandleiding, en die storie in teksformaat vir voorlees.

CD1: Die oranje stertjie - EGSKEIDING
CD2: Frikke die erdwurm - VREES VIR DIE DONKER
CD3: Daar was eenmaal 'n kewertjie - MISLUKKING
CD4: Die beertjie met die seer tand - SKEIDINGSANGS
CD5: Lappie die teddiebeer - NUWE BABA
CD6: Skilpad en die jakkalsies - BOELIES
CD7: Voëls van die sonskynbos - DOOD IN DIE FAMILIE
CD8: Nollie die klein varkie - AGGRESSIEWE GEDRAG
CD9: Wie sing so? - SPANNING IN DIE HUIS
CD10: Pietertjie en Paultjie - SIEKTE IN DIE FAMILIE
CD11: Timmie in die moeilikheid - GROEPSDRUK
CD12: Topsie die seekat - DIE EENKANTKIND
CD13: Kosie Krokodil - MISLUKKING
CD14: Die ou hoekie en nuwe hoekie - EGSKEIDING
CD15: Ignatius gaan skooltoe - VREES VIR SKOOL
CD16: Stompie is ongelukkig - DEPRESSIE
CD17: Dingetjie sonder naam - LAE SELFBEELD
CD18: Wat is fout met Michael? - SPANNING
CD19: Montie die apie - DIE EENKANTKIND
CD20: Sewe klein katjies - TERG
CD21: Dippie tel 'n eiertjie op - HARTSEER
CD22: Moenie die bessies eet nie - DWELMS
CD23: Kleinbeer se geheim - MISHANDELING
CD24: Bang Bennie - VREES

R35 per dubbel CD / R750 vir die reeks van 24
www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2011

Die *granny* in die *granny flat*

Lipstiffie-soene

Hoekom praat 'n mens van 'n "blou Maandag"? Ek lees in my boek *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom* dat die woord "blaauw" (Middeleeuse Nederlands) oorspronklik "nietig, van weinig waarde" beteken het.

Seker omdat dit ná die belangrike Sondag kom. Deesdae beteken dit sommer "dag waarop alles verkeerd loop", en dis hieraan wat ek dink toe ek die Maandagoggend uitgeput op my kantoorstoel neerval.

Hoekom ek uitgeput is ná 'n "rustige" (ha-ha!) naweek? Ek staan nog in my pj's toe Sebastian, oë dikgehuil, vir my gebring word. Ek moet troos, want hy is histeries oor sy pappa weer moet werk toe. Ek sit nog met hom op my skoot toe volg Bea en klouter met modderskoentjies op my bank. Ek sug en druk twee broodjies in die rooster. Tousbroodjies het al menige krisis opgelos. Toe albei met 'n bordjie op die skoot voor die televisie sit en kyk na *Yo-TV* (ek het intussen my radio afgeskakel!), glip ek onder die stort in. Nie lank nie, toe kom die eerste besoekertjie deur die glas loer. Gelukkig is my lyf vir Sebastian al ou nuus en hy verdwyn weer, maar Bea bly verbete staan.

Al jou *pantie* probeer aantrek met 'n handdoek om jou nat lyf? Dit werk nie, en Bea gil van plesier oor "ouma se tieties". Met bra en frokkie aan sukkel ek om die nuwe nou jeans oor my winterrimpels te trek, koestend vir die vingertjie wat op my spekkies wil druk.

Op pad kleuterskool toe haal ek die Brahms uit die CD-speler en stoot 'n storie-CD in. En toe ek seuntjie by die skool aflaai, moet ek hom net so 'n *smak*!-soen op sy voorkop gee soos Rooikappie se ouma haar in die storie gegee het. Toe ek verder ry, wonder ek of haar lipstiffie-merk ook lank daarna nog op Rooikappie se voorkoppie gebly het.

Seker nie, anders het die wolf haar nie gevang nie. Want ouma-soene is beskerming teen die lewe se stampe en stote.

*

Marianne Strydom woon in 'n granny flat *by haar kinders in Durbanville. Sy is 'n vryskut taalpraktisyn en ouma van vyf kleinkinders.*

PANNEKOEK

250 ml (1 koppie) koekmeelblom
1 ml (¼ teelepel) bakpoeier
2.5 ml (½ teelepel) sout
250 ml (1 koppie) melk
1 of 2 eiers
5 ml (1 teelepel) blou voedselkleursel
kaneelsuiker

1. Meng koekmeelblom, bakpoeier en sout en voeg eers 'n klein bietjie melk by. Roer tot mengsel glad en sonder klonte is.
2. Voeg die orige melk geleidelik by.
3. Klits eier(s) goed en voeg by. Klop mengsel baie goed en laat 'n paar uur staan. As die mengsel te dik is, verdun met 'n bietjie melk.
4. Voeg die blou voedselkleursel by die mengsel net voor dit gebak word.
5. Giet 'n klein bietjie van die mengsel in 'n warm, gesmeerde pan en bak aan albei kante ligbruin.
6. Strooi kaneelsuiker oor elke pannekoek en rol op. Versier.

Die resep lewer 8 tot 10 middelslag pannekoeke.

Idees vir versiering:
- Strooi eetbare glitter bo-oor
- Smarties
- Jellytots
- Marshmallows
- Maak 'n gekleurde stroop deur kondensmelk met voeselkleursel te kleur.

© Anna Emm Productions 2011

Ons plus twee

Die wonder van woorde

Met twee woelwaters in die huis is daar al te gereeld koddige opmerkings wat sorg vir groot vermaak vir pappa en mamma. My gunstelinge is altyd die goedjies wat hulle verkeerd sê. So mooi is dit dat niemand die hart het om hulle reg te wys nie! Soos Ellard wat van *verloor* i.p.v. *vergeet* praat, en sê "ek wol" i.p.v. "ek wil".

Salomie gaan weer deur fases waar sy dieselfde woord of sinsnede oor en oor in haar sinne gebruik – amper asof sy dit "uit-probeer" en dan weer laat staan. So was alles vir 'n ruk "seker" iets. Sinne soos "dit seker 'n olifant" en "ek is seker moeg". Deesdae is dit "ek 'n sê". Alles wat sy self kwytraak herhaal sy, maar die tweede keer met 'n "ek 'n sê" vooraan.

Baie fassinerend is ook vir my die interaksie tussen die twee. Julle mag dalk nog pappa se "windjie-los" speletjie onthou… Wel, oor die naweek is my twee manne weer hiermee besig. Pappa beweer dit was Ellard. Ellard besluit, nee, dit moes Mamma gewees het. Mamma besluit om ook blaam aan te skuif: "Dit was Sussie". Pappa troef vir Mamma, dit kan nie Sussie wees nie. Sy slaap immers in haar kamer (hmm, dalk sou die hond 'n beter keuse gewees het…).

Ellard kom egter tot Mamma se redding: "Dalk het ons dit uit die monitor gehoor". Dankie, knaap. Mamma kon nie so blitsig aan 'n uitkom kans dink nie. Wanneer hulle so skerp is vergeet mens dikwels hulle is eintlik nog klein. Hierdie besef ek nou die dag weer toe hy met sy broek verkeerd om aangetrek uit die badkamer kom. Ek help en wys dat die gatsak nou voor sit. Hy was nie heeltemal oortuig nie en loer eers binne in: "O, die briefie sit ook voor! Ek moet hom net draai." En met die probeer hy die broek in die rondte draai, sommer so aan die lyf.

*

Lizelle Rademeyer woon saam met haar man en twee kinders, Ellard (4) en Salomie (2) op Stellenbosch.

Elke program sluit in:

* Voorbereiding
* Bybelonderrig
* Wiskunde les
* kuns aktiwiteit
* spier oefeninge
* musiekles
* taal aktiwiteite
* "kleur dag"
* pret eetgoed idees
* uitstappie idees
* "messy play"
* bak en brou
* regte woorde/skrif

Oulike Idees vir Tuisbly-Mammas:

Stimuleringsprogramme wat jy self met jou kleinding kan doen!

Eendag lank gelede was Tiana Burger 'n kleuterskool-juffrou. Nou is sy tuisbly- mamma van 'n klein prinsie.

"Little1" het begin nadat sy besluit het om 'n program uit te werk wat sy met hom kan doen tot hy Graad R toe gaan.

Die eerste 4 weke van die program het sy gratis vir Facebook mammas beskikbaar gestel, en die reaksie was oorweldigend! Jy kan ook die eerste program gratis aflaai by:

www.little1.co.za

Vanaf week 5 is die programme beskikbaar teen slegs R10 'n week.

Maan-klei

Benodighede:

- **2 koppies koekmeel**
- **½ koppie baba olie**

Aanwysings:

1. **Meng deeglik tot dit in 'n sagte krummelrig vorm is.**
2. **Druk vorms uit.**
3. **Gooi blinkers of confetti by.**
4. **Gooi deur tregter in bakkies.**
5. **Sit plastiek diere of insekte daarin.**

Hierdie resep vorm deel van die *Little 1* programme.

Ballon-pret

Maak gewoone ballonne vol water. Maak een voller as 'n ander. Gebruik verskillende kleure en vorms.

Leerarea: Wiskunde

Aktiwiteite:

- **Pas kleure bymekaar**
- **Meet swaar en lig**
- **Meet groot en klein**

Buite:

- **Kyk hoe ver kan jy dit gooi.**
- **Gooi hul op die gras stukkend.**

Hierdie aktiwiteit vorm deel van die *Little 1* programme.

© Anna Emm Productions 2011

Unieke skapies uit die Karoo www.baabaa.co.za

Hesmari van Deventer is die eienares van hierdie unieke idee, en sy noem die reeks sagte skapies B@a-B@a (baa-baa). Die skapie-lyfies word deur 'n groep vroue in Ottery gemaak as enigste inkomste, en nadat haar drie-jarige seuntjie absoluut gaande oor die skapies was, het Hesmari se kop in 'n besigheidsrigting begin dink! As sy die skapies kon bemark sou sy nie net help met werksverskaffing nie, maar sy kon ook aan haar geliefde "Karoo-wêreld" blootstelling gee – aangesien die skapies mos eg aan hierdie dorre landskap is!

Maar nadat Hesmari die eerste besending skapies ontvang het, het sy skielik geweet dat hulle moet klere kry! Sy het geen naaldwerk ondervinding gehad nie, en rondgespeel. Die resultaat het gewerk! Sy het al die skapies by die eerste markie verkoop – én nog 'n paar bestellings gekry. Na die markie het sy 'n paar foto's op Facebook gelaai, en toe stroom die bestellings in! Mense is gaande oor die skapies! Sommer gou is die produkte ook opgeraap deur 'n paar padstalletjies en klein winkeltjies tussen Robertson en Swellendam. Behalwe dat toeriste die skapies koop om saam oorsee te neem, word hulle ook gekoop vir babakamers, ooiervaarstees, verjaardaggeskenke en "beste maatjies".

Sedertdien het B@a-B@a 'n webwerf op die been gekry, met 'n volledige katalogus. Hulle doen nou so goed dat die vroue in Ottery nog mense in diens kon neem, en Hesmari kan skaars byhou met die maak van die "outfits".

"Wanneer mense hierdie skapies sien," vertel sy, "word hulle 'n drukkie gegee of lok hulle 'n glimlag uit op "suur" gesigte. Die lyfie word geskud dat die klokkie kan lui, en daar word ge-oe en ge-aa! By een markie het 'n ou tannie selfs vir elke skapie 'n drukkie gegee en elke dag kom hoor hoeveel verkoop is."

B@a-B@a se nuwe "logo" en "labels" vir die skapies is klaar, en hulle is geboek vir 'n hele paar Kersmarkte vanaf Oktober tot Desember, waarvoor hulle nou reeds begin voorraad opbou.

Hesmari se droom vir besigheid is dat dit nog heelwat werkskepping kan bring. Sy het planne vir 'n klein fabrieke op hulle plaas, waar heelwat vroue-hande kan help met die maak van die kleertjies. En sy wil die skapies as "proudly South African" bemark!

Twee gelukkige lesers kan elk hierdie maand 'n B@a-B@a skapie van hulle keuse wen!
(Ons het 'n voëltjie hoor fluit dat daar ook ietsie ekstra uit die Karoo by die pakkie ingesluit gaan wees!) Besonderhede op bladsy 9.

Ons *Lekkerbekkie*-lesers kuier op *Facebook*

Régan Truter en sy hond, Coco, is hier vas aan die slaap. Salig!

"My 4jarige seuntjie se oom sê vir hom hy moet by hom gaan bly. My kind sê toe vir hom: ek gaan nie by jou bly nie,maar jy mag my maar huur vir 6 dae!" - Belinda Groenewald

"My dogtertjie was 3 en in 'n kleuterskool waar bulletjie-rugby vir die seuntjies aangebied is. Ek probeer toe uitvis wie dit aanbied waarop sy antwoord: "Ek weet nie, 'n oom met sulke oulike broekie."" - Mari Cajada

"Ons bly vir seuna sê as hy koeldrank in 'n glas soek om ni te mors ni. As hy nou voor yskas staan en koeldrank vra vra hy : "moeti mosi en ys". Koeldrank se naam is nou moeni mors ni, maar hy soek sy ys daarby." - Maranda Lesch

"Ek sê vir ons 28 maande oue dogtertjie: "Jy's so mooi". Sy raak skoon vies. "Nee, ek is so pragtig" sê sy." - Lizelle Rademeyer

Bea van den Berg is hier diep in gedagte op haar swaai.

Pragtige foto!

© Anna Emm Productions 2011

Storieklub

Nou 4 lekkerluisterstories op EEN CD - elke maand!

Sluit aan by ons gewilde STORIEKLUB en ontvang ´n nuwe CD met 4 luisterstories op elke maand in die pos!

Die stories is kindervriendelik en verbeeldingryk. Geskik vir kinders 3-9 jaar. 60 min se stories elke maand!

* **GEEN langtermynverpligtinge nie - minimum lidmaatskapperiode slegs 3 maande!**
* **GEEN maandelikse rekeninge nie - betaal met gerieflike debietorders elke maand!**
* **GEEN "hidden costs" nie - R99 per maand sluit posgeld, verpakking en BTW in!**

Storieklub

Ontvang jou eerste CD reeds einde van die maand!
Voltooi net die vorm en faks na 021 558 0234. www.AnnaEmm.co.za

Storieklub-vorm Voltooi en faks na 021 558 0234

Persoonlike Besonderhede

Rekeninghouer: _____

Posadres: _____

Huis nr: _____ Sel: _____

Epos: _____

Stuur asb my CDs met:

□ **Gewone pos (GRATIS)**
Totaal = R99.00

□ **Met verwysingsnommer (R16.00)**
Totaal = R115.00

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand:

Bank: _____ Tak: _____

Takkode: _____ Rek.tipe: _____

Naamhouer van rekening: _____

Rekeningnommer: _____

Debit order authorisation:
This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above.The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

_____ _____
Handtekening / Signature Datum / Date

Tel-tel

Verbind die kolletjies en maak die prentjies klaar!



© Anna Emm Productions 2011

2 Gelukkige lesers kan elk ‘n B@a-B@a skapie uit die Karoo wen!

Ons het hierdie oulike sagte skapies in die Karoo opgespoor, en B@a-B@a gee hierdie maand vir 2 gelukkige lesers elk so ‘n skapie van hul keuse weg!
(Ons het tussen die lyne verneem dat daar ook so ‘n ietsie ekstra uit die Karoo in die pakkie gaan wees!)

Hoe om te in te skryf: Stuur net ‘n epos na info@baabaa.co.za met “LEKKERBEKKIE” in die *subject* line.

Slegs een inskrywing per persoon!
Sluitingsdatum: 25 September.

Die wenners sal in die volgende uitgawe van *Lekkerbekkie* bekend gemaak word.

Augustus se wenners

Lollos kompetisie

Baie geluk aan die wenners van Augustus se *LOLLOS*-kompetisie! Brückner(5) en Jo-anmarie(3) vd Lingen, Chané Wolmarans(3), Layla Venter(5), Jacques du Preez(4) en Gavin Briel(6), en Joanie vd Westhuizen(6) wen ons 5 *LOLLOS* DVDs!

‘n Groot dankie aan die *LOLLOS*-span vir die pryse. **www.lollos.co.za**

Adverteer in die volgende Lekkerbekkie!

lekkerbekkie@annaemm.co.za

Kontakbesonderhede

Lekkerbekkie is ‘n GRATIS maandelikse e-Tydskrif!

As jy graag elke maand ‘n nuwe Lekkerbekkie GRATIS wil ontvang stuur ‘n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za.
Wil jy nie meer uitgawes van Lekkerbekkie ontvang nie?
Stuur ‘n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za met die woord “UNSUBSCRIBE” in die *subject line*.